*B.C. Schutte*

# H.J.J. BINGLE SE PLEK IN DIE S.A. OPVOEDKUNDIGE PANORAMA

Hierdie plasing is net so maklik as wat dit moeilik is. Om 'n een-spoormens te waardeer is nie besonder moeilik nie; om so 'n veelsydig-begaafde te plaas, kan maklik uitloop op versplintering, op miskenning van die eenheidsbeginsel wat soos 'n goue draad deur elke afdeling loop, op miskenning van die mens (hele mens) wat agter dié fasette skuil. Op die gevaar af dat ons juis in dié opsig die bal mag misslaan, wil ons tog hier van fasette gebruik maak. Dis prakties onmoontlik om die terreine waterdig af te sluit, en ons gaan dit ook nie probeer nie.

## Die onderwyser Bingle

Ons begin hier, want dis hoe hy begin het en wat hy gebly het tot hy rektor geword het. Nee, het u hom as rektor gehoor die eerstejaars of hulle ouers toespreek? Wie hom 'n geleentheids- of 'n beplande en voorbereide toespraak hoor hou het, sal moet erken dat die begaafde didaktikus en praktiese onderwyser aan die woord is. Sy gewese skoolleerlinge getuig graag dat hy 'n kwaai man was wat geen streke geduld het nie, maar dat hy daarby die baie gewaardeerde onderwyser was wie se klasse 'n plesier was om by te woon. En so het mens die dosent Bingle ook geken. Hy het in sy lesings alles gegee en van die studente ook verwag om voluit te trek. In sy klasse in die Praktiese Opvoedkunde kon hy dus met reg sê: „So het ek gemaak".

As daar een ding was waarin prof. Bingle 'n renons gehad het, was dit die gewoonte van metodiekdosente om hulle studente 'n resepteboek vol metodes, klaar uitgewerk, „gereed vir gebruik" tydens opleiding te verskaf. Sodanige onderwyser raak gou uitgeboer en afgesaag. „Jy moet *metodemaker* wees", was sy leuse. Sy studente het die vrug van hierdie beginsel in ryke mate in

hulle loopbaan kon pluk – nie metodeslaaf nie, maar metodebaas. Hierdie beginsel bly net so waar vir die onderwyser as vir die navorser. Daarom kon hy ook so maklik waardering vir oorspronklikheid en nuutheid in navorsing betuig.

### Bingle en die Godsdiensonderrig

Toe prof. Bingle vroeg in sy skoolloopbaan met die Godsdiensonderrig te doen gekry het (amper sê ek „belas is"), was sake heel anders as vandag. Dit was op 'n tydstip toe die neutraliteitsgedagte soos deur die Smutswet van 1907 vervat is, nog hoogty gevier het. Selfs binne ons Afrikaanse kerke was daar geweldige modernistiese, om nie te praat van metodistiese, tendense wat selfs op 'n kerkstryd uitgeloop het. Dit het meegebring dat onderwysoutoriteite vir dogmatiese Godsdiensonderrig so bang was dat selfs gelowiges 'n ondogmatiese grootste gemene deler deur alle benaderings as „accepted syllabus" in die skool wou invoer. Dit was 'n tyd toe selfs 'n sogenaamde Calvinistiese opvoedkundige kon beweer dat Christelike onderwys 'n onding is want selfs sogenaamde Christenonderwysers is vol sonde en hulle sou dus bloot skynheilige Christelike onderwys voorstaan. Die beleid was toe (amptelik gesanksioneer) dat Godsdiensonderrig sodanig moet wees dat dit aan geen kind, van welke geloof ook al, aanstoot sal gee nie.

Hiermee kon 'n Calvinis (werklik ook geen Christen) nooit genoeë neem nie. Tog het baie gemor, maar niks gedoen nie. So was Bingle nie. Daarom het hy dadelik en direk die stryd op 'n positiewe wyse aangepak: voorsien 'n sillabus en pas hom toe. Hy het albei gedoen, beginnende by die sekondêre skool. Sy deeglike opleiding in sowel die Skrifinhoud as die geloofsleer en die sedeleer, in die teologie en in die dogmatiek het hom toegerus om die sillabusopstelling destyds so te behartig dat daardie sillabusse vandag nog die kern van alle Godsdiensonderrigsillabusse (en dis letterlik waar!) in Suid-Afrika is. Omdat hy 'n saak gehad het wat op pote gestaan het, wat deeglik gemotiveer en geimplementeer was, kon hy daarmee na die outoriteite gaan.

Met die aktiewe ondersteuning van sy hoof het hy van die kring-inspekteur toestemming verkry om sy idees op die proef te stel — binne die grense van sy skool. Hiervandaan het dit wyer uitgekring tot waar dit vandag staan.

Om so te kon uitkring, het prof. Bingle van die twee kanale wat beskikbaar was, gebruik gemaak, naamlik die Transvaalse Onderwysersvereniging en die Kerk. In albei gevalle het hy 'n oor by die outoriteite gevind. Eers op die klassisse van die Gereformeerde Kerk (saam met ander kampvegters by ander klassisse), toe provinsiaal, om uiteindelik by die generale sinode uit te kom, het die saak momentum gekry. Ondertussen het kampvegters uit die ander kerke langs hulle kanale die saak tot by hulle sinodes gevoer. Hiervandaan het die saamsnoerende Interkerklike Komitee vir Opvoeding en Onderwys (IKKO) die saak opgeneem. Prof. Bingle het langs sy kerklike weg self die pad boontoe tot by die IKKO bewandel.

Nog 'n beginsel wat prof. Bingle hier beklemtoon het, is die noodwendige differensiasie in stof en metode om uiteenlopende geloofsrigtings te bevredig. Breed gestel, sou die Godsdiensonderrigsillabus vir die Afrikaans-Calvinisties-georiënteerde skool verskil van die een vir die Anglikaans-Engels-georiënteerde skool. Hierdie beginsel is nog besig om tot volle ontplooiing te kom en sal hopelik volledig geïmplementeer word as lewensbeskoulike differensiasie as beginsel in onderwysbeplanning werklikheid word.

Dat Bybelkunde vandag as volwaardige skoolvak geld, is 'n ander saak wat sy beginpunt by hierdie Godsdiensonderrig op skool deur Bingle se beywering het. Deur sy ywer het die PU vir CHO die volwaardige graadvak, Bybelkunde, ingestel sodat daar onderwysers kan kom om die nuwe benaderings te behartig. Die feit dat in 1977 meer as 50 sekondêre onderwysers by PU alleen met spesialisering in Bybelkunde kon kwalifiseer, is 'n pluimpie op die hoed ook van prof. Bingle. Dis nie hier die plek om oor die medestryders of die voorgangers in wie se spore hy getrou gevolg het, te skrywe nie. Dit was deel van die hele CNO-stryd om Christelike onderwys wat vandag nog voortduur.

## Bingle en die CNO-stryd

Bingle het hom van meet af aan in hierdie stryd gewerp. Hier het hy 'n eie bydrae gelewer. Voorgangers soos Lion-Cachet, Postma, Du Toit, Duvenage, Van Rooy, Coetzee, om slegs die uitstaande pieke te noem, het die saak prinsipieel gefundeer en in volle konsekwensies uitgestippel. In hierdie opsig het daar nie veel oorgebly nie. Prof. Bingle was die man met die sintetiese benadering wat skemas en stelsels moes ontwerp waarbinne hierdie beginsels geïmplementeer kon word. In hierdie taak is hy dikwels gedwarsboom deur verouderde begrippe, gebruike, wat al tot beginsels verhef is. So is ouerlike verantwoordelikheid vir die onderwys en opvoeding van die kind byvoorbeeld soms geheel verdwerg agter die skoolgeld wat die ouer moes betaal. Skoolgeld is tot beginsel verhef in stede daarvan dat dit slegs een middel is om die beginsel te implementeer. Bingle se besondere bydrae is dat hy die saak weer bydertyds gemaak het, dit in die klere van die dag aangetrek het en dit daarom implementeerbaar in die moderne stelsel verander het. In hierdie opsig het sy bydrae in die onderwyswetgewing van 1967 gekulmineer, soos in die volgende paragraaf getoon word.

Aan die PU vir CHO het Bingle saam met 'n skare voor- en medevegters oorgegaan tot die stigting van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB) en die Instituut vir Bevordering van Calvinisme (IBC). Hierdie twee liggame het elk 'n besondere rol in die bevordering van die Christelike beginsels in die opvoeding en onderwys gespeel. Waar die hooffigure in die stryd dikwels teoloë was, het hierdie taak geleidelik oorgegaan in die hande van opvoedkundig-onderlegde persone wat die praktyk en sy eise aan hulle lywe gevoel het. Hiertoe het die tweemanskp Coetzee-Bingle geweldig bygedra.

Die IBC het hom vandag gevestig as die reservoir vir Calvinisme waaruit die Christelike onderwys ook sy lewensap kan trek. Hulle internasionale bedrywigheid en wêreldbeinvloeding is deels ook die resultaat van die vergesig en deursettingsvermoë van prof. Bingle en sy medestanders.

## Bingle en onderwyswetgewing

'n Nasionale Adviserende Onderwysraad (NAOR) is in 1963 deur middel van wetgewing in die lewe geroep om die Minister van Nasionale Opvoeding van advies te bedien, hoofsaaklik met betrekking tot moontlike wetgewing vir die skepping van 'n nasionale onderwysbeleid en onderwysstelsel. Dat prof. Bingle hierop gedien het en wel as die ondervoorsitter van die uitvoerende komitee daarvan, was seker nie 'n blote eerbetoon uit die bloute nie. Dis voorafgegaan deur 'n lang geskiedenis van stryd en beplanning, oorleg en beïnvloeding om die regte mense so te beïnvloed dat die dinge die wetboek kan bereik. In hierdie werk vooraf het die IKKO 'n reuserol vervul en daarin was prof. Bingle nie 'n passasier nie. Nee, dis nie net sy breinvrug nie, maar sonder hom sou die breinvrug dalk anders gelyk het, indien dit ooit so gou tot geboorte sou gekom het. Sy intieme bande met die destydse minister, sy kontakte met die leidende nasionale figure orals waar hy in hoogste rade gedien het, sy intieme kennis van die vergelykende opvoedkunde het hom hierdie voorsprong bo vele ander besorg. 'n Baie hooggeplaasde en leidende (destyds) persoon het die wetgewing wat uit hierdie Raad ontspruit het, as „Hennie Bingle se wet" bestempel. In die voorbereiding tot hierdie wet het prof. Bingle baie hulp gesoek en lang gesprekke en konferensies is hier en elders gevoer, sodat hy met iets na vore kon kom wat behoorlik bekook en aanvaarbaar sou wees.

Dis seker oordrewe om te sê dat wet 39 van 1967 alles bevat waarvoor Bingle en sy medestanders hulle sedert jare her beywer het. Tog stel dit 'n mylpaal van besondere waarde voor. Dis ook nie waar om te beweer dat Bingle vader sou wou staan vir alles wat in die wet opgeneem is nie. Dit stel egter die beste voor wat op daardie stadium bereikbaar was. Die wet laat byvoorbeeld nie opening vir lewensbeskoulike differensiasie in die onderwys nie en skep die indruk dat dit die godsdiensvryheid van ons grondwet hier ten gunste van verpligte Christelike onderwys vir nie-Christene ophef.

Uit hierdie wet het die aksie vir onderwysersopleiding voortgevloei. Ook hierin het prof. Bingle 'n besondere aktiewe rol gespeel. In die lang stryd tussen die universiteite en die provinsiale opleidingskolleges word die laaste skote vandag geskiet voordat die ooreenkomste tussen die twee partye plaaslike gefinaliseer word. Dit het vasbyt, oorreding, diplomasie en veral realisme gekos om dit sover te bring. Slegs diegene wat hierdie geskiedenis intiem meegemaak het, weet van die besondere rol wat prof. Bingle tot vroeg in 1977 nog gespeel het.

In die nuwe hersaamgestelde Nasionale Onderwysraad het prof. Bingle die erkenning verkry wat hom lankal toegekom het, naamlik om as voorsitter op te tree. Van meet af aan het hy daar besliste leiding gegee en vergesigte geopen. Hy het met bewoë gemoed aan my gesê hoe aangenaam die verkreë samewerking van medestryders en verwagte opponente was. Dit was vir hom onder baie moeilike omstandighede 'n baie gewaardeerde kroon op 'n lewe van diens aan 'n saak wat hy as sy roeping erken en aanvaar het. Mens kan slegs gis wat alles sou gematerialiseer het as hy hierdie pos nie moes ontruim toe hy nie meer 'n rektor was nie. Mag ons nog die ware nasionale stelsel waarvoor hy hom beywer het, spoedig kry, nasionaal om almal wat Suid-Afrika lief het, in te sluit.

**Bingle en plaaslike onderwys**

Hier het hy sy rol gespeel en was hy onder andere jarelank lid en later voorsitter van die Beheerraad van die Hoërskool Gimnasium. Lank voordat ander mense nog die gedagte uitgespreek het en voordat Gimnasium 'n „konservatorium" gekry het, het ek hom amptelik hoor pleit vir 'n orrel in die „denkbeeldige" nuwe saal.

**Bingle op interuniversitêre vlak**

As rektor was hy lid van die Komitee van Universiteitshoof-

de (KUH). Ek is nie bevoeg om veel oor sy rol daar uit te wei nie, maar die feit dat hy die jarelange voorsitter van die onderkomitee van dekane van Opvoedkunde was, spreek duidelik. Die pragtige en positiewe samewerking wat verkry is, spreek van sy takt as voorsitter, van sy vinnige begrip, indringende analise van die bespreking en geniale sintese daarna om 'n eenstemmige oplossing te kry.

**Bingle op kerklike en ander ongenoemde vlakke**

Ons wil hier kort wees want dis reeds hierbo aangetoon. Daar kan net bygevoeg word dat die gemeente waar hy lidmaat was, dankbaar van sy en mev. Bingle se talente en dienste gebruik gemaak het — as doodgewone lidmate.

Benewens die vlakke wat hier genoem is, kon prof. Bingle op talle terreine die opvoeding en onderwys in Suid-Afrika dien waar hy in bevoorregte posisies in organisasies en rade gedien het en so saam met die leidende politieke en kulturele figure op hoogste vlak kon beraadslaag en in 'n soort denkskrum kon insak. Wie hom ken, weet dat hy orals in 'n skrum geen passasier sou wees nie. Wie teen hom in sy jongdae in rugby geskrum het, sal glo dat hy orals 'n krag was. As dinge op onderwyssake neergekom het, moes Bingle maar inklim en leiding neem.

**